

Kruispad e-tydskrif Augustus 2022

God sluit 'n ewige verbond van genade met jou

Die woord verbond is een van daardie woorde wat ons nie in ons alledaagse lewe gebruik nie, maar wat baie belangrik is wanneer ons oor geloof praat. Dit is eintlik só 'n belangrike woord dat ons die hele Bybel daarmee kan verduidelik.

As ons van 'n verbond praat, verwys dit na 'n vaste verbintenis tussen God en die mens. God verbind Homself aan ons deur 'n belofte te maak en sekere eise te stel. God stel verskillende beloftes aan byvoorbeeld Adam, Abraham, Noag, Moses en Dawid. Maar, elke keer word daar gesondig en kom die mens nie sý kant na nie. Die mens kon dit nie regkry nie, en daarom moes Jesus Christus ons plek inneem.

Wanneer ons die eerste keer van die nuwe verbond (in Jeremia 31) lees, sê die Here reeds dat Hy dit anders gaan doen: "Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees," (Jeremia 31:33). In God se genade maak Hy elke keer 'n nuwe begin, 'n nuwe verbond, met sy volk. Omdat Jesus Christus die verbond namens ons nakom hoef daar nooit weer 'n nuwe begin gemaak word nie, want Christus is volmaak.

As jy in [hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) oor al die verbonde in die Bybel lees, sal jy sien hoe die nuwe verbond ontwikkel het vanaf die eerste verbond wat God met Adam gemaak het. Hoewel Jesus die verbond namens ons nagekom het, het God steeds sekere verwagtinge van ons as gelowiges. Hy gee ons dan ook die nodige krag om Hom te gehoorsaam. Daarom is dit noodsaaklik dat ons die Bybel bestudeer: Ons moet die eise verstaan, en meer nog, die wonderlike belofte van die ewige lewe wat ons ontvang.

Tot volgende maand,
Kruispad-redaksie

God se eerste verbond met die mens

Die eerste verbond waarvan ons in die Bybel lees is die een wat God met Adam in die paradys maak. [Lees hier](#) oor dié verbond en hoe dit 'n verbond van genade word.

God maak 'n nuwe begin met Noag

'n Reënboog is die bekende teken van die verbond met Noag. [Leer meer](#) oor dié verbond en hoe ons vandag nog daarop moet reageer as ons 'n reënboog sien.

God se verbondsverhouding met Abraham

Die verbond wat God met Abraham gesluit het vind in Genesis reeds plaas. [Lees meer](#) oor dié verbond en hoe dit vandag op ons van toepassing is.

Die verbond met Moses en die tien gebooe

In die verbond met Moses word die volk gemaan om volgens God se eise te leef. Dié eise word in die 10 gebooe saamgevat. [Lees meer](#) oor die Sinaitiese verbond hier.

God sluit 'n verbond met Dawid

Die verbond wat God met Dawid sluit is 'n hoogtepunt van al die voorafgaande verbonde. [Lees hier](#) hoekom, en ook hoe dié verbond nog op ons van toepassing is.

Agt vinnige vrae om verbonde te verstaan

Kruispad e-tydskrif antwoord al die grootste vrae oor verbonde in die Bybel. [Lees die vrae en antwoorde hier](#).

God gee sy uiteindelijke genadeverbond

Die Here soek ons op in sy genade en los ons nooit waar ons is nie. [Lees hier](#) van ons redding uit die genade wat ons in Jesus Christus ontvang.